UNIVERSITEIT•STELLENBOSCH•UNIVERSITY
jou kennisvennoot • your knowledge partner

Heruitreiking van Sertifikate

Dit is die Universiteit Stellenbosch (US) se beleid om sertifikate wat weggeraak het of verlê is, nie weer uit te reik nie. Daarom word jy geadviseer om jou kortkursussertifikaat in ’n veilige plek te bewaar**.**

Vervangingsertifikate sal slegs uitgereik word indien ’n geskrewe versoek, met bevredigende bewys van diefstal, beskadiging of onherroeplike verlies van die oorspronklike sertifikaat, aan die Universiteit Stellenbosch gerig is**.** ’n Bedrag van R300 sal gehef word vir die heruitreiking van ’n kortkursussertifikaat.

Let asseblief op die volgende:

1. Sertifikate word uitgereik in die kandidaat se naam ten tye van bywoning en voltooiing van die kortkursus. Vervangingsertifikate sal nie uitgereik word om ’n naamverandering wat na die bywoning en voltooiing van die kortkursus plaasgevind het te weerspieël nie.
2. Vervangingsertifikate sal nie oorweeg word in gevalle waar die kortkursus langer as tien jaar gelede plaasgevind het nie.
3. ‘n Sertifikaat herdrukversoek sal slegs verwerk word wanneer bewyse van betaling van die R 300 herdrukfooi ontvang is.

Inligting wat vereis word en proses om te volg:

1. Stuur asseblief jou geskrewe versoek vir ’n vervangingsertifikaat aan shortcourse@sun.ac.za en verskaf jou volle naam, US-nommer en die kortkursus bygewoon.
2. Ingeval van diefstal of onherroeplike verlies van ’n sertifikaat, moet die volgende ook by jou versoek ingesluit word:
   - ’n Affidavit (’n beëdigde verklaring van jou plaaslike polisiestasie wat die omstandighede van die diefstal of onherroeplike verlies weergee)
   - ’n Gesertifiseerde afskrif van jou identiteitsbewys

INNOVUS
Posbus /P O Box 3135 • Matieland, 7602 • Suid-Afrika/South Africa
Tel: +27 21 808 9063 • Faks/Fax: +27 21 808 3913
Email: shortcourse@sun.ac.za • www.innovus.co.za

- Betalingsbewys van die vervangingsgeld

3. Ingeval van die beskadiging van die oorspronklike sertifikaat, moet die oorspronklike beskadigde sertifikaat aan die Universiteit Stellenbosch se Afdeling Kortkursusse terugbesorg word, en die volgende moet ook by jou versoek ingesluit word:
   - ’n Gesertifiseerde afskrif van jou identiteitsbewys
   - Betalingsbewys van die vervangingsgeld – hierdie vervangingsgeld kan kwytgeskeld word na goeddunke van die Universiteit indien die skade na oordeel van die Universiteit tydens posaflewering opgedoen is.
4. Ingeval van ’n administratiewe fout op die sertifikaat, moet die oorspronklike ‘foutiewe’ sertifikaat aan die Universiteit Stellenbosch se Afdeling Kortkursusse terugbesorg word, en die volgende moet ook by jou versoek ingesluit word:
   - ’n Gesertifiseerde afskrif van jou identiteitsbewys
   - Betalingsbewys van die vervangingsgeld – hierdie vervangingsgeld kan kwytgeskeld word na goeddunke van die Universiteit indien dit blyk dat die instelling die fout gemaak het.

<u>Bankrekening vir die Betaling van Vervangingsgeld:</u>

Naam: Universiteit Stellenbosch
Bank: Standard Bank
Rekeningnommer: 073006955
Takkode: 050610
Verwysing: R 1074 – Herdruk - volle naam van kandidaat <u>of</u> US studentenommer